# DIE GRONDWET VAN DIE

# JORDAAN-STIGTING

## VRYWILLIGE VERENIGING

(hierna verwys as "Die Stigting ")

# INHOUDSOPGAWE

1. AGTERGROND EN MOTIVERING VAN DIE STIGTING ..... 4
1.1. DIE JOURDAN/JORDAAN/JORDAN-STAMOUERS ..... 4
2. NAAM VAN DIE STIGTING ..... 6
3. OPRIGTING EN AARD VAN STIGTING ..... 6
4. DOEL EN FUNKSIE VAN DIE STIGTING ..... 7
5. OPENBARE BELANG ORGANISASIE ..... 9
6. SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT BELASTINGVRYSTELLING ..... 10
7. STRUKTUUR VAN DIE STIGTING ..... 12
7.1. UITVOERENDE KOMITEE ..... 12
7.1.1. VERKIESING VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE ..... 12
7.1.2. SAMESTELLING VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE ..... 12
7.1.3. MAGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE ..... 13
7.1.4. FUNKSIES VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE ..... 13
7.1.5. AFSTANDDOENING VAN POSISIE AS LID VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE ..... 15
7.1.6. VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE ..... 15
7.2. LEDE VAN DIE STIGTING ..... 17
8. ALGEMENE VERGADERINGS VAN DIE STIGTING ..... 18
8.1. ALGEMENE JAARVERGADERINGS ..... 18
8.2. ANDER ALGEMENE VERGADERINGS ..... 18
8.3. SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS ..... 19
8.4. RESOLUSIES EN STEMME TYDENS ALGEMENE VERGADERINGS ..... 19
8.5. NOTULES VAN DIE VERGADERINGS ..... 20
8.6. PROSEDURES TYDENS VERGADERINGS ..... 20
9. KENNISGEWINGS ..... 20
10. FINANSIËLE SAKE VAN DIE STIGTING ..... 21
10.1. LEDEGELD ..... 21
10.2. SKENKINGS ..... 21
10.3. BANKREKENING VAN DIE STIGTING ..... 21
10.4. HANDTEKENINGE ..... 21

10.5. FINANSIËLE JAAREINDE VAN DIE STIGTING ..... 21
10.6. FINANSIËLE REKORDS VAN DIE STIGTING ..... 21
10.7. FINANSIËLE STATE VAN DIE STIGTING ..... 22
11. WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET EN ONTBIND VAN STIGTING ..... 22
12. VRYWARING ..... 22
13. GESKILBESLEGTING ..... 23

# 1. AGTERGROND EN MOTIVERING VAN DIE STIGTING

## 1.1. DIE JOURDAN/JORDAAN/JORDAN-STAMOUERS

Jean **JOURDAN** (1660-1698/1699) is in La Belle Etoile, Luberonvallei, Frankryk gebore en sterf op die plaas La Motte, Franschhoek. Hy was een van ses kinders en die oudste van twee broers. Jean trou met Isabeau (Elizabeth) LONGUE (1666-1736) wat in La Motte d' Aigues, Luberonvallei, Provence, Frankryk gebore is en in Graf 8, onder die NG Moederkerk, Stellenbosch begrawe is.

Die egpaar het vyf kinders gehad, vier seuns en 'n dogter. Jean JOURDAN sterf voor die doop van sy jongste kind op die plaas La Motte. Die plaas is na sy vrou se plek van herkoms vernoem en die grond vorm vandag deel van die dorp Franschhoek (die Hugenotemonument staan op die oostelike deel van die plaas La Motte). Jean het met sy afsterwe 8 000 wingerdstokke, twaalf koringmiedens, 130 skape, een os, een koei en 34 bokke besit. Die weduwee Isabeau JOURDAN het ná die afsterwe van die JORDAAN-stamvader, ook die stammoeder van die MALAN-familie geword.

Lede van die Jordaan-familie stam almal af van een van drie seuns van Jean en Isabeau, nl. Jan/Jean, Paul en Louis. Hul dogter Johanna is die stammoeder van die KRYNAUW-familie. Mettertyd met die groei van die bevolking het lede van die JORDAAN-familie in hoofsaaklik drie rigtings versprei, naamlik na die Noord-Kaap via Sutherland, Oosgrens via Swellendam, Somerset-Oos en die derde rigting was meer binnelands via Winburg na die Transvaal en Natal. Wanneer daar gekyk word na die vele plekke, riviere, geboue, sportterreine en ander vernoemings na 'n lid van die JORDAAN-familie, is dit duidelik dat die meeste lede van die JORDAAN-familie gemeenskapsmense was. Bykans 80 plekke in Suid-Afrika asook internasionaal is vernoem na 'n lid van die Jordaan-familie.

Lede van die JORDAAN-familie verteenwoordig 'n verskeidenheid tale. Daar is ongeveer 3-5 Jourdan-bloedlyne wie se spelling van dié van Jordaan wel *Jourdan* is. Hierdie gebruik is aangeneem deur enkeles in die laat 1800's.

Met 'n onderbreking van ongeveer 300 jaar kan die Jordaan-bloedlyn nagespeur word sedert Adam en Eva tot in die 21ste eeu. Die tweede uitgawe van die Jordaan- genealogiese register is in April 2022 gepubliseer en die register bevat reeds meer as 66 100 individue. Die Jordaan Virtuele Museum is op Erfenisdag, 24 September 2020 bekend gestel.

Vir meer inligting oor die JORDAAN-familie besoek gerus die volgende:
www.mjsjordaan.co.za
https://www.jordaanvirtualmuseum.online/
https://www.facebook.com/groups/6507964203/

Die tweede uitgawe van die Jourdan/Jordaan - genealogiese register lig vier nuwe aspekte uit:

1.1.1. 'n nuwe plek van oorsprong van die voorouer;
1.1.2. Jean se verlore broer Pierre aan die Kaap en nie Pierre van Cabrierre nie;
1.1.3. dat ons bloedlyn amper voltooi is sedert Adam en Eva;
1.1.4. dat die stamvader Jean, se drie seuns elkeen hul eie volume(s) gekry het.

Verder betsaan die tweede uitgawe van die Jourdan/Jordaan - genealogiese register uit vier verskillende volumens met 20 verskillende dele nl:

1.1.5. Volume 1: Die geskiedenis en stam van Adam en Eva tot Jourdan. Hierdie volume is beskikbaar in kleur of swart of wit.
1.1.6. Volume 2: Jan se nageslagte wat bestaan uit 8 dele.
1.1.7. Volume 3: Paul se nageslagte wat bestaan uit 2 dele.
1.1.8. Volume 4: Louis se nageslagte wat bestaan uit 8 dele.

Die gedagte agter die Jordaan-Stigting is om 'n publieke belang organisasie (PBO) wat sy aktieiteite sonder winsoogmerk bedryf op die been te bring met die doel om Jourdan/Jordaan/Jordan-navorsing, genealogie, ander toepaslike navorsing, publikasies en ander projekte rakende die Jourdan/Jordaan/Jordan se kontinuïteit te verseker vir toekomstige geslagte.

Vir meer inligting oor die JOURDAN/JORDAAN/JORDAN-familie besoek gerus die volgende:
www.mjsjordaan.co.za
https://www.jordaanvirtualmuseum.online/
https://www.facebook.com/groups/6507964203/

Indien u nog nie het nie, sluit gerus by ons Facebook-groep aan met die volgende skakel:
https://www.facebook.com/groups/6507964203/
https://www.facebook.com/groups/6507964203/?fref=mentions

Help ook asb. met 'n lys van selfoonnommers van Jordaan-familielede vir ons SMS-databasis deur die volgende nommer te skakel:
084 577 3226

Die skakel na ons aanlyn vraelys:
https://form.jotform.com/201243482127043

Besoek gerus die Jordaan Virtuele Museum by:
https://www.jordaanvirtualmuseum.online/
Amptelike bekendstelling: Erfenisdag 24/09/2020

"Adam and Eve to Jourdan":
https://www.facebook.com/groups/408161526237177

Vir meer oor Jordaan-publikasies:
www.mjsjordaan.co.za

## 2. NAAM VAN DIE STIGTING

2.1. Die Stigting sal bekend staan as die **JORDAAN-STIGTING**;

2.2. Die fisiese adres van Die Stigting is: **Jacobs Straat, 19 Universitas, Bloemfontein.**

2.3. Die posadres van Die Stigting is: **Jacobs Straat, 19 Universitas, Bloemfontein.**

2.4. Die webtuiste van die Stigting is: **www.mjsjordaan.co.za.**

## 3. OPRIGTING EN AARD VAN STIGTING

3.1. Die Stigting word opgerig en saamgestel as 'n vrywillige vereniging van persone, met afsonderlike regspersoonlikheid, in ooreenstemming met die Gemenereg en ingevolge hierdie Grondwet;

3.2. Die Stigting sal vir ewig bestaan, tensy dit ontbind word in ooreenstemming met die bepalings en voorwaardes uiteengesit in hierdie Grondwet.

# 4. DOEL EN FUNKSIE VAN DIE STIGTING

4.1. Die Stigting word gestig en in stand gehou met die doel om die tradisies, deugde en ideale van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie en hul bydrae tot die kulturele erfenis van Suid-Afrika te handhaaf en uit te bou en om die kulturele bande tussen Suid-Afrika en lande met 'n Waldense en Hugenote-tradisie te versterk en te bevorder. Die voorgenoemde en hierin later vermelde doelstellings, by uitnemendheid, sal ten beste bereik en bewerkstellig word deur die skepping en instandhouding van die Stigting.

4.2. Die doelstellings van die Stigting is om:

4.2.1. Die tradisie, deugde en ideale van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie uit te bou, te handhaaf en die kulturele bande tussen lede van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie te versterk. Dit sal ook lede van die familie insluit wat nie noodwendig meer in Suid-Afrika woonagtig is nie;

4.2.2. Die studie, navorsing en publikasies oor die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie se geskiedenis en hul bydrae tot die kultuur en algemene vooruitgang van Suid-Afrika en ander wêrelddele te bevorder;

4.2.3. Die bewaring van naslaanmateriaal ten opsigte van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie en om die navorsingsfasiliteite ten opsigte van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie te vergemaklik en daar te stel;

4.2.4. Te skakel met persone, instansies en soortgelyke ondernemings vir die studie en navorsing in die buiteland, naamlik sowel in Frankryk as in ander lande waar die Waldense en Hugenote hul ná vervolging as vlugtelinge gevestig het en die handhawing en om uitbouing van kultuurbande met sodanige lande te bevorder;

4.2.5. Die bevordering van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie deur middel van tegnologie en die literatuur.

4.3. Die **missie** van die Stigting is om:

4.3.1. Die diversiteit van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie deur inklusiewe programme en aktiwiteite te bevorder, wat insluit maar nie beperk is tot aktiwiteite soos 'n Jourdan/Jordaan/Jordan-familie saamtrek en/of reunie, die betrokkenheid en uitbou van die Jourdan/Jordaan/Jordan-erfenis en geskiedenis en die volhoubaarheid van navorsingsprojekte.

4.3.2. Inligting te digitaliseer om dit beter te bewaar en toegang daartoe te verhoog.

4.3.3. 'n Omgewing te skep waarin verskillende rolspelers van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie met mekaar in gesprek tree om maatskaplike samehorigheid te bewerkstellig.

4.3.4. Uit te reik na lede van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie en instellings deur opvoedkundige programme en kulturele aktiwiteite.

4.3.5. 'Miskende' of verplaaste geskiedenisse van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie na te vors.

4.3.6. Wedersydse respek en verdraagsaamheid tussen lede van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie te bevorder om sodoende 'n sterker gedeelde kulturele identiteit te help skep.

4.3.7. Die Stigting op gesonde en deursigtige finansiële en administratiewe beginsels te bestuur wat die instelling sal vestig as 'n leidende en gerekende rolspeler in die erfenis en kulturele sektor.

4.3.8. Die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie se diverse taalerfenis, kultuurhistoriese geboue en erfenisterreine te beskerm en te bewaar en sal ook insluit om 'n veeldoenige monument/meuseum op te rig.

4.3.9. Verskeie kulturele groepe van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie deur werkswinkels en programme te bemagtig.

4.3.10. Die navors en publiseer van bloedlyne, trekrigtings, streeksgebondenheid.

4.3.11. Konsentrasie van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familielede oor die wêreld, platteland, dorpe en stede te bepaal.

4.3.12. Die Stigting kan ook oorweeg om lede van die Stigting wat onregmatig van hul eiendom ontneem is of wat eiendom verloor het op 'n wyse wat nie as gevolg van hule eie skadelike toedoen is nie, hetsy finasieel of andersins te help.

4.3.13. Die Stigting streef na die welstand van lede van die Jourdan/Jordaan/Jordan-familie binne die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap.

4.4. Die **waardes** van die Stigting sluit in:

4.4.1. Die nastreef van hoë vlakke van integriteit, betroubaarheid, deursigtigheid en professionaliteit met dit wat ons doen.

4.4.2. Om verdraagsaam en respekvol in ons omgang met kulturele en erfenisgroeperinge en ander genealogiese groepe te wees.

4.4.3. Die nastreef van uitnemendheid in ons werksomgewing en in dit wat ons aan die publiek aanbied.

4.4.4. Die Stigting sal poog om hierdie grondwet in meer as net Afrikaans te laat vertaal.

# 5. OPENBARE BELANG ORGANISASIE

5.1. Die inkomste en eiendom van die Stigting word uitsluitlik aangewend vir die bevordering van sy gestelde doelwitte.

5.2. Die lede en die Uitvoerende Komitee het geen regte op die eiendom, wins of ander bates van die Stigting nie.

5.3. Geen deel van die inkomste of eiendom van die Stigting mag direk of indirek aan enige persoon betaal word nie (anders as in die gewone loop van die aktiwiteit van openbare voordeel) of aan 'n lid van die Stigting of Uitvoerende Komitee, behalwe as:

5.3.1. redelike vergoeding vir dienste wat werklik aan die Stigting gelewer word;

5.3.2. vergoeding van werklike koste of uitgawes wat redelikerwys namens die Stigting aangegaan is.

5.3.3. betaling van 'n bedrag verskuldig en betaalbaar deur die Stigting ingevolge 'n bona fide-ooreenkoms tussen die Stigting en enige ander regspersoon.

5.4. By die ontbinding van die Stigting, nadat alle skulde en verpligtinge betaal is, word die oorblywende bates nie aan lede betaal nie, maar word dit deur donasie oorgedra aan 'n ander organisasie sonder winsoogmerk wat die Uitvoerende Komitee (en enige afdeling van die hooggeregshof) toepaslik ag en wat dieselfde doelwitte of 'n soortgelyk doelwitte aan

die doelstellings van die Stigting het; en sou die Stigting 'n goedgekeurde organisasie vir openbare voordeel word:

5.4.1. 'n NWO-organisasie wat goedgekeur is ingevolge artikel 18A van die Wet op Inkomstebelasting, of

5.4.2. enige instelling, direksie of liggaam wat vrygestel is van belasting ingevolge die bepalings van artikel 18A waarvan die enigste of hoofdoel die uitoefening van 'n openbarevoordeelaktiwiteit[1] is, of

5.4.3. 'n organisasie wat van voorneme is om by die Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) aansoek te doen vir 'n vrystelling van toepaslike belasting.

# 6. SPESIALE BEPALINGS MET BETREKKING TOT BELASTINGVRYSTELLING

6.1. Die bedrywighede van die onderneming word op 'n nie-winsgewende wyse uitgevoer met 'n filantropiese bedoeling;

6.2. Die bedrywighede van die onderneming word uitgevoer in lyn met die doel en funksie van die Stigting soos uiteengesit in paragraaf 4 hierbo.

6.3. Die bedrywighede van die Stigting val spesifiek binne die raamwerk van aktiwiteite soos gelys in die 9de skedule van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

6.4. Geen aktiwiteit sal die ekonomiese eiebelang van 'n persoon in 'n vertrouensposisie of werknemer van die onderneming direk of indirek bevorder nie, behalwe deur redelike vergoeding;

6.5. Minstens drie persone wat vertrouensverantwoordelikheid vir die Stigting aanvaar, sal nie verbonde persone wees nie en geen enkele persoon het direkte of indirek, alleenlik die beheer of besluitnemingsbevoegdhede oor die Stigting nie;

6.6. Die fondse van die Stigting sal uitsluitlik aangewend word vir die doelwitte waarvoor dit gestig is;

[1] Aktiwiteit soos gelys in Deel I van die Negende Bylae van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

6.7. Geen hulpbronne sal regstreeks of onregstreeks gebruik word om enige politieke party te ondersteun of teen te staan nie;

6.8. Geen vergoeding sal betaal word aan enige persoon wat buitensporig is nie, inaggenome dit wat oor die algemeen in die sektor as redelik beskou word en met betrekking tot die diens wat gelewer word en wat niemand persoonlik bevoordeel nie en sal nie enige persoon ekonomies bevoordeel op 'n manier wat nie strook met die doelwitte van die Stigting nie.

6.9. Die party sal nie 'n party wees of nie toelaat dat dit wettiglik toegelaat word as deel van 'n transaksie, operasie of skema waarvan die uitsluitlike of hoofdoel die vermindering, uitstel of vermyding van aanspreeklikheid vir belasting is nie.

6.10. Die Stigting of enige party tot die Stigting sal nie wetend deel wees van 'n transaksie, operasie of skema waarvan die uitsluitlike of hoofdoel die vermindering, uitstel of vermyding van aanspreeklikheid vir belasting is nie; belasting of heffing wat, maar vir sodanige transaksie, operasie of skema betaal sou word of sou word deur enige persoon ingevolge hierdie Wet of enige ander Wet wat deur die kommissaris van die SAID bestuur word.

6.11. Geen skenking sal aanvaar word indien sodanige skenking op versoek van die skenker herroep kan word vir enige ander redes as 'n wesenlike versuim om aan die aangewese doeleindes en voorwaardes van sodanige skenkings te voldoen, insluitend wanvoorstellings met betrekking tot die belastingaftrekbaarheid daarvan in artikel 18A van die Inkomstebelastingwet, op voorwaarde dat 'n skenker geen voorwaardes mag stel wat sodanige skenker of enige verbonde persone in verband met die skenker in staat sou stel om direkte of indirekte voordeel te trek uit die sodanige skenking.

6.12. Die Uitvoerende Komitee sal kopieë van enige wysigings aan die Grondwet aan die Kommissaris voorsien.

# 7. STRUKTUUR VAN DIE STIGTING

## 7.1. UITVOERENDE KOMITEE

Die take en funksies van die Stigting sal beheer en bestuur word deur die Uitvoerende Komitee (ook na verwys as "die Komitee"). Die Uitvoerende Komitee mag alle funksies en magte van die Stigting onderworpe aan die bepalings van hierdie Grondwet, sowel as die besluite geneem tydens Algemene Vergaderings, uitvoer.

### 7.1.1. VERKIESING VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

7.1.1.1. Die lede van die eerste Uitvoerende Komitee sal deur die lede van die Stigting verkies word by 'n Algemene Vergadering, waartydens hierdie Grondwet aangeneem word.

7.1.1.2. Die lede van die Uitvoerende Komitee sal vir 'n tydperk van drie (3) jaar op die Komitee dien.

7.1.1.3. Lede van die Uitvoerende Komitee wat uit hul posisie bedank, sal steeds in aanmerking kom vir herverkiesing of koöptering tydens die Algemene Jaarvergadering ná hul bedanking.

7.1.1.4. Lede van die Uitvoerende Komitee sal ook lede van die Stigting wees.

### 7.1.2. SAMESTELLING VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

7.1.2.1. Die Uitvoerende Komitee sal uit ten minste vyf (5), maar nie meer as sewe (7), lede bestaan wat die volgende spesifieke posisies insluit;

7.1.2.1.1. Die Voorsitter;

7.1.2.1.2. Die Ondervoorsitter;

7.1.2.1.3. 'n Penningmeester;

7.1.2.1.4. 'n Sekretaris/Sekretaresse; en

7.1.2.1.5. Drie (3) ander persone.

7.1.2.2. Die Uitvoerende Komitee mag tot drie (3) addisionele lede koöpteer, soos dit van tyd tot tyd nodig mag wees. Die gekoöpteerde lede sal vir die tydperk wat dit deur die Uitvoerende Komitee toepaslik geag word op die Komitee dien.

### 7.1.3. MAGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

7.1.3.1. Die bestuur is geregtig om volgens sy uitsluitlike diskresie die inkomste van die Stigting aan te wend ooreenkomstig die doelstellings van die Stigting met dien verstande dat geen profyte of winste aan enige persoon uitgekeer mag word nie en die fondse uitsluitlik vir beleggings of die oogmerke waarvoor die Stigting ingestel is, gebruik sal word.

7.1.3.2. Die bedrywighede van die Stigting sal geheel en al daarop gemik wees om sy vernaamste of enigste oogmerk te bevorder.

7.1.3.3. Die Komitee sal die Stigting bestuur.

7.1.3.4. Die Komitee sal subkomitees, individue, konsultante of professionele personeel aanstel waar nodig.

7.1.3.5. Die Komitee sal 'n bankrekening oopmaak en bedryf, beleggings bedryf en met gelde handel met die oog op die doelwitte van die Stigting.

7.1.3.6. Die Komitee sal die bates namens die Stigting administreer.

7.1.3.7. Die Komitee sal 'n boekhouer en/of ouditeur aanstel en sorg dat behoorlike rekeninge en rekords gehou word.

7.1.3.8. Die Komitee sal verseker dat hierdie Grondwet gehandhaaf word.

7.1.3.9. Die Komitee mag erelede benoem, die Stigting se medalje toeken sowel as enige eretoekennings in verskillende formate aan lede toeken soos hulle van tyd-to-tyd mag goeddink.

### 7.1.4. FUNKSIES VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

7.1.4.1. Fondse in te samel en geskenke en ander bydraes te ontvang en te aanvaar.

7.1.4.2. Toe te sien dat die fondse van die Stigting op sodanige wyse belê word as wat die Uitvoerende Komitee in hul uitsluitlike diskresie mag goeddink en in besonder, sonder om die algemeenheid van die voorgaan van die Stigting te beperk die bestuur die bevoegdheid het om in hul uitsluitlike diskresie:

7.1.4.2.1. enige gelde of bate van die Stigting te belê in aandele, vaste eiendomme, verbande, vastedeposito-spaarrekeninge, skuldbriewe of enige ander vorm van belegging hoegenaamd soos hulle in hul diskresie mag besluit;

7.1.4.2.2. enige eiendom hetsy roerend of onroerend of enige reg daarin (met inbegrip van enige bate (genoem in **Bylaag A** van hierdie Grondwet en wat aangevul word soos wat bates aangekoop word), van tyd tot tyd te koop, verbeterings daarop aan te bring, te verkoop, op enige manier te verkry, met verband of enige las te beswaar, te verpand, te huur of van die hand te sit of dit te verseker;

7.1.4.2.3. om alle fasiliteite insluitende navorsingsentra en -geriewe, biblioteke, argiewe en alles wat nodig mag wees om die doelstellings in paragraaf 4.2 uiteengesit te bereik, daar te stel;

7.1.4.2.4. enige belegging van tyd tot tyd op te roep of te herbelê;

7.1.4.2.5. geld te leen, hetsy op sekuriteit of nie, teen heersende markkoerse, en om bankrekeninge te open, daarop te trek of dit te oortrek;

7.1.4.2.6. enige aksies en ander regsverrigtinge in te stel en te verdedig;

7.1.4.2.7. alle administrasiekoste, wat aangegaan is in verband met die administrasie van hierdie Stigting te betaal;

7.1.4.2.8. om enige persoon in diens te neem en uit die Stigting se fondse te betaal;

7.1.4.2.9. sonder om die algemeenheid van die voorgaande te beperk, amptenare aan te stel en te vergoed om die werk en sake van die Stigting te behartig;

7.1.4.2.10. 'n rekenmeester aan te stel om die boeke en/of rekeninge van die Stigting na te sien en jaarliks die nodige inkomste- en uitgawerekening en balansstaat voor te berei;

7.1.4.3. Verdere skenkings en erflatings van enige persoon aan die Stigting te ontvang en om dit te administreer, onderhewig aan die voorwaardes en bepalings van hierdie Stigting en ook onderhewig aan sodanige andere voorwaardes as wat deur die gesegde skenkers en erflaters bepaal mag word mits sodanige voorwaardes en bepalings nie teenstrydig met die terme van hierdie Stigting is nie;

7.1.4.4. Om enige reëling of transaksie met die Staat of enige ander owerheid of persoon aan te gaan en enige regte of konsessies te verkry en verpligtinge aan te gaan wat bevorderlik kan wees vir die uitbouing van die Stigting;

7.1.4.5. Alles te doen wat nodig mag wees om aan voormelde magte, pligte en doelstellings uitvoering te gee.

7.1.5. AFSTANDDOENING VAN POSISIE AS LID VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

7.1.5.1. 'n Lid van die Uitvoerende Komitee sal van sy/haar posisie as 'n lid van die Uitvoerende Komitee afstand doen wanneer hy/sy –

7.1.5.1.1. Bedank;

7.1.5.1.2. Ongeskik en onbekwaam is om die posisie te beklee;

7.1.5.1.3. Ingevolge die Maatskappywet of enige ander geldende wetgewing gediskwalifiseer sou word om as Direkteur van 'n Maatskappy op te tree; of;

7.1.5.1.4. Deur die Uitvoerende Komitee verwyder word, by wyse van 'n resolusie wat ten minste deur driekwart (¾) van die lede van die Uitvoerende Komitee aangeneem word, welke lede van die Uitvoerende Komitee op geen stadium minder as vyf (5) lede mag wees nie.

7.1.5.1.5. Die Uitvoerende Komitee is nie verplig om redes vir die besluit oor verwydering te verskaf nie, behalwe vir die lid wat verwyder is en aan die lede van die Stigting in die Algemene Vergadering.

7.1.5.2. As 'n pos/posisie in die Uitvoerende Komitee vakant raak, kan die Komitee by wyse van 'n resolusie wat deur ten minste twee derdes (⅔) van die lede aanvaar word (en indien die vakature die aantal lede tot minder as sewe [7] verminder) 'n lid om die vakature te vul, koöpteer. Die pos van enige persoon wat so gekoöpteer is as lid van die Uitvoerende Komitee, verval tensy dit bevestig en aanvaar word deur 'n besluit van die lede op die volgende Algemene Vergadering.

7.1.6. VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

7.1.6.1. Die Uitvoerende Komitee hou vergaderings en reël sy verrigtinge soos hul goeddink en soos dit nodig raak, onderhewig aan die volgende voorwaardes;

7.1.6.1.1. Die Voorsitter of in sy/haar afwesigheid, die Ondervoorsitter sal alle vergaderings lei wat hy/sy bywoon;

7.1.6.1.2. Indien die Voorsitter en/of Ondervoorsitter nie beskikbaar is nie, sal die oorblywende lede van die Uitvoerende Komitee wat die vergadering bywoon, 'n voorsitter verkies.

7.1.6.1.3. Die Voorsitter sal 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee kwartaalliks belê, asook op skriftelike versoek van twee (2) lede van die Uitvoerende Komitee. Sodanige vergadering kan ook op enige ander tydstip, addisioneel belê word.

7.1.6.1.4. Die hoeveelheid stemme wat benodig word vir die goedkeur van 'n besigheidstransaksie deur die Uitvoerende Komitee, is 'n twee derede meerderheid van die Komitee wat op enige gegewe tydstip dien.

7.1.6.1.5. By vergaderings van die Uitvoerende Komitee het elke lid een (1) stem.

7.1.6.1.6. Vrae wat by 'n bestuursvergadering ontstaan, word beslis met 'n meerderheid van stemme. In die geval waar die stemme gelyk is, het die voorsitter 'n beslissende of tweede stem.

7.1.6.1.7. Daar word behoorlike notules gehou van die verrigtinge van die vergadering en rekord word gehou van die persone wat by elke vergadering teenwoordig is. Die notule word onderteken deur die voorsitter of in sy/haar afwesigheid deur die lid wat die vergadering voorsit, en moet ten alle tye beskikbaar wees vir inspeksie deur 'n lid van die Uitvoerende Komitee, op voorwaarde dat daar twee (2) dae kennis aan die sekretaris of sy/haar adjunk gegee word.

7.1.6.1.8. Die notule sal na afloop van die vergadering elektronies, aan al die lede beskikbaar gemaak word.

7.1.6.1.9. 'n Resolusie wat deur alle lede van die Uitvoerende Komitee onderteken is, is so geldig soos 'n besluit wat by 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die Uitvoerende Komitee geneem word.

7.1.6.1.10. Die Uitvoerende Komitee kan enige van sy bevoegdhede aan een van sy lede of aan 'n spesiale doelskomitee delegeer. Die lid, Komitee, werknemer of agent aan wie sodanige delegering gemaak word, moet

voldoen aan al die regulasies en prosedures wat die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd mag bepaal.

7.1.6.1.11. Die Uitvoerende Komitee kan 'n Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) en ander beamptes en werknemers aanstel, soos dit van tyd tot tyd nodig mag wees.

## 7.2. LEDE VAN DIE STIGTING

7.2.1. Die volgende persone kwalifiseer om as lid, deel te word van die Stigting:

7.2.1.1. Enige bloedverwante persone aan die Jordaan/Jourdan/Jordan-familie;

7.2.1.2. Enige afstamelinge van die Jordaan/Jourdan/Jordan-familie;

7.2.1.3. Enige aangetroude Jordaan/Jourdan/Jordan-familie;

7.2.1.4. Enige aangenome Jordaan/Jourdan/Jordan-familie;

7.2.1.5. Enige persoon wat met die diskresie en toestemming van die Uitvoerende Komitee 'n bydrae tot die Jordaan/Jourdan/Jordan-Stigting wil lewer en tot voordeel van die Stigting as lid kwalifiseer.

7.2.2. 'n Individu sal 'n lid van die Stigting word wanneer hy/sy;

7.2.2.1. Die aansluitingsvorm wat op die Stigting se webblad beskikbaar is voltooi en na die gekose e-pos adres stuur;

7.2.2.2. Die individu die aansluitingsfooi betaal het soos van tyd-tot-tyd deur die Komitee bepaal word;

7.2.2.3. Die individu se aansluiting goedgekeur is deur die Uitvoerende Komitee en hy/sy per e-pos daarvan in kennis gestel word.

7.2.3. Die lede kan ingedeel word in 'n aantal afdelings wat verband hou met bepaalde vakgebiede of belangstellingsvelde.

7.2.4. Lede van 'n bepaalde afdeling kan hulself in 'n streek of provinsie organiseer in 'n tak van die afdeling.

7.2.5. Afdelings beywer hulle vir die bevordering van die vakgebied(e) wat onder hulle afdeling ressorteer.

7.2.6. Lede van die Stiting moet (indien moontlik) by die Stigting se Facebook bladsy aansluit wat van tyd tot tyd gebruik word om idees te deel, terugvoer in te win van die lede oor spesifieke onderwerpe en inligting oor die stigting te deel.

7.2.7. Die hoeveelheid lede wat by die Stigtigting aansluit beïnloed nie die werksaamhede van die Stigting nie. Solank as wat daar 'n Uitvoerende Komitee is wat die Stigting kan bestuur mag die Stigting aktiwiteite bedryf in lyn met die doel en funskie van die Stigting.

# 8. ALGEMENE VERGADERINGS VAN DIE STIGTING

## 8.1. ALGEMENE JAARVERGADERINGS

8.1.1. 'n Algemene Jaarvergadering (AJV) van die Stigting sal gehou word binne 'n tydperk van vyftien (15) maande ná die aanneming van hierdie Grondwet. Die daaropvolgende Algemene Vergaderings word gehou binne negentig (90) dae ná die einde van elke boekjaar, te wete 28 Februarie.

8.1.2. Kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering word nie voor die einde van Januarie gegee nie. Algemene Jaarvergaderings word deur die Voorsitter belê, met ten minste een-en-twintig (21) dae vooraf skriftelike kennisgewing aan alle lede wat geregtig is om die vergadering by te woon. Hierdie kennisgewing bevat die datum, tyd en plek van die vergadering en in breë trekke die sake wat tydens die vergadering bespreek moet word.

8.1.3. Die sake van 'n Algemene Jaarvergadering sal die volgende insluit:

8.1.3.1. die voorlegging en aanvaarding van die jaarverslag van die voorsitter;

8.1.3.2. die oorweging van die finansiële jaarstate;

8.1.3.3. die verkiesing van lede om in die Uitvoerende Komitee vir die daaropvolgende jaar te dien;

8.1.3.4. die aanstel van 'n onafhanklike rekenmeester om die geldsake te kontroleer;

8.1.3.5. enige ander aangeleenthede wat gepas geag mag word.

## 8.2. ANDER ALGEMENE VERGADERINGS

8.2.1. Benewens die AJV word minstens een (1) ander vergadering per jaar gehou.

8.2.2. Ander Algemene Vergaderings van die Stigting kan te enige tyd deur die Voorsitter belê word of op skriftelike versoek van;

8.2.2.1. Die Uitvoerende Komitee;

8.2.2.2. die minste van 'n kwart (¼) van die totale lede van die Stigting;

8.2.2.3. Enige Algemene Vergadering anders as die Algemene Jaarvergadering word belê met ten minste een-en-twintig (21) dae skriftelike kennisgewing aan alle lede. Die kennisgewing bevat die datum, tyd en plek van die vergadering en in breë trekke die sake wat tydens die vergadering bespreek moet word, op voorwaarde dat: indien die Voorsitter, nadat hy/sy versoek is om sodanige kennisgewing te gee, dit nie binne sewe (7) dae na die versoek gee nie, is die persone wat die vergadering versoek, self geregtig om kennis te gee van die vergadering en om die vergadering te belê.

## 8.3. SPESIALE ALGEMENE VERGADERINGS

8.3.1. 'n Spesiale algemene vergadering, waarvoor ten minste veertien (14) dae kennis gegee moet word, word deur die Voorsitter en/of die Uitvoerende Komitee belê, of in antwoord op 'n skriftelike versoek die van lede, en binne sewe dae (7) ná ontvangs deur die sekretaris van so 'n skriftelike versoek. Die kennisgewing waarin die vergadering belê word, bevat slegs die sake wat bespreek moet word.

## 8.4. RESOLUSIES EN STEMME TYDENS ALGEMENE VERGADERINGS

8.4.1. By alle Algemene Vergaderings word 'n besluit by wyse van stemme deur middel van 'n opsteek van hande of per stembrief beslis.

8.4.2. Besluite, behalwe waar spesifiek anders bepaal, word by wyse van 'n meerderheid van stemme beslis.

8.4.3. Die uitslag van die stemming is die besluit van die vergadering.

8.4.4. Elke lid wat by sodanige vergadering teenwoordig of verteenwoordig is, is geregtig op een (1) stem.

8.4.5. Vrae wat ontstaan, word beslis met 'n meerderheid van stemme. In die geval van 'n gelyke aantal stemme, het die Voorsitter 'n beslissende of tweede stem.

### 8.5. NOTULES VAN DIE VERGADERINGS

8.5.1. Daar word behoorlike notules gehou van die verrigtinge van alle Vergaderings sowel as 'n rekord van die persone wat by elke vergadering teenwoordig is. Die notule word onderteken deur die voorsitter van die vergadering en moet beskikbaar gemaak word vir inspeksie deur enige lid op twee (2) dae kennisgewing aan die sekretaris of sy/haar adjunk.

### 8.6. PROSEDURES TYDENS VERGADERINGS

8.6.1. Die voorsitter, of in sy/haar afwesigheid, 'n aangewese lid van die Komitee, is die voorsitter van alle vergaderings.

8.6.2. Alle stemming geskied deur opsteek van hande, tensy meer as ½ van die lede wat die vergadering bywoon 'n geheime stemming versoek.

8.6.3. Die voorsitter is geregtig op 'n beslissende stem of tweede stem indien die uitslag van die stemming op 'n gelyke hoeveelheid stemme uitkom.

8.6.4. Stemming by volmag sal by enige vergadering toegelaat word.

## 9. KENNISGEWINGS

9.1. Kennisgewing van alle vergaderings waarvoor die Grondwet voorsiening maak, moet elektronies, per e-pos gestuur word na die laaste e-posadres wat elke betrokke persoon aan die Stigting gekommunikeer het, of op enige ander manier wat die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd mag verklaar, soos tegnologie groei en verbeter.

9.2. Die toevallige versuim om kennisgewings aan enige persoon te rig, maak nie die verrigtinge van 'n vergadering ongeldig nie.

9.3. Kennisgewings word beskou as ontvang deur die lid, 24 uur ná die tyd wat die e-pos gestuur is (soos aangeteken op die toestel waarvandaan die e-pos gestuur is), tensy 'n outomatiese boodskap ontvang word wat aandui dat die e-pos nie afgelewer is nie.

9.4. Kennisgewings sal ook op die Stigting se facebook bladsty gedeel word.

# 10. FINANSIËLE SAKE VAN DIE STIGTING

## 10.1. LEDEGELD

10.1.1. 'n Aansluitingsfooi word deur die Komitee soos van tyd tot tyd bepaal.

10.1.2. Aansluitings vir elke boekjaar is deur lede betaalbaar voor die einde van daardie jaar.

## 10.2. SKENKINGS

10.2.1. Die Stigting is afhanklik van skenkings van die publiek.

10.2.2. Enige skenking in enige bedrag mag ten enige tyd van 'n organisasie, maatskappy, lid, of enige ander entiteit of regspersoon ontvang word.

10.2.3. Die skenking sal uitsluitlik aangewend word om die doel en funksie van die Stigting soos uiteengesit in paragraaf 4 hierbo, te bevorder.

## 10.3. BANKREKENING VAN DIE STIGTING

10.3.1. Die Uitvoerende Komitee sal 'n bankrekening oopmaak in die naam van die Stigting by 'n geregistreerde bank. Die Uitvoerende Komitee sal sorg dat alle geld wat die Stigting ontvang, so gou as moontlik ná ontvangs in die bogenoemde bankrekening gestort word.

## 10.4. HANDTEKENINGE

10.4.1. Dokumente wat namens die Stigting onderteken moet word, word deur twee (2) lede van die Uitvoerende Komitee onderteken.

## 10.5. FINANSIËLE JAAREINDE VAN DIE STIGTING

10.5.1. Die finansiële jaar van die Stigting begin op 1 Maart en eindig op 28 Februarie van elke jaar.

## 10.6. FINANSIËLE REKORDS VAN DIE STIGTING

10.6.1. Die Uitvoerende Komitee sal sorg dat die Stigting behoorlike rekord en rekening hou wat die sake van die Stigting billik weerspieël

### 10.7. FINANSIËLE STATE VAN DIE STIGTING

10.7.1. Die Uitvoerende Komitee sal sorg dat die Stigting 'n jaarlikse verslag tesame met die jaarlikse finansiële state opstel waarin die aktiwiteite van die Stigting vervat word. Die finansiële jaarstate moet voldoen aan algemeen aanvaarde rekeningkundige beginsels en bevat 'n staat van inkomste en uitgawes en 'n balansstaat van bates en laste.

10.7.2. Die finansiële state van die Stigting sal jaarliks deur 'n geregistreerde ouditeur geoudit waarna 'n ouditserifikaat by SARS ingedien word om die PBO[2]-status van die Stigting te behou en te verseker dat alle skenkings aan arikel 18A[3] van die wet voldoen.

10.7.3. 'n Afskrif van die finansiële jaarstate en jaarverslag word so gou as moontlik na afloop van die boekjaar elektronies aan alle lede beskikbaar gestel.

## 11. WYSIGINGS AAN DIE GRONDWET EN ONTBIND VAN STIGTING

11.1. Die bepalings van hierdie Grondwet kan gewysig word, die naam van die Stigting kan verander word en die Stigting kan ontbind word deur 'n besluit van ses en sestig persent (66%) van die lede wat tydens 'n Algemene Vergadering teenwoordig is, mits behoorlike kennisgewing van die vergadering gegee is wat nie minder nie as agt en twintig (28) dae voor die datum van die vergadering moet geskied, en sodanige kennisgewing die aard van die voorgestelde resolusie aandui.

## 12. VRYWARING

12.1. Onderhewig aan die bepalings van enige relevante statuut, is geen lid van die Uitvoerende Komitee en/of enige ander lid van die Stigting, aanspreeklik vir die dade, kwitansies, verwaarlosing of wanbetaling van enige ander lid, of vir enige verlies, skade of uitgawes wat die Stigting ly of aangaan, wat plaasvind by die uitvoering van die pligte van sy/haar

[2] Publieke Belang Organisasie
[3] Artikel 18 A van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962.

pos nie, tensy dit ontstaan as gevolg van sy/haar oneerlikheid, of versuim om die mate van sorg, ywer en vaardigheid wat die wet vereis, uit te oefen.

# 13. GESKILBESLEGTING

13.1. In die geval van 'n ernstige meningsverskil tussen die lede van die Uitvoerende Komitee en/of die Stigting oor die interpretasie van hierdie grondwet, is enige twee (2) lede van die Uitvoerende Komitee of vyf (5) lede van die Stigting geregtig om 'n dispuut te verklaar. Sodanige verklaring moet skriftelik wees, die geskil uiteensit en aan die Uitvoerende Komitee gerig word.

13.2. Die Uitvoerende Komitee sal oorweging skenk aan die dispuut binne twee (2) weke ná ontvangs daarvan. Sou die Uitvoerende Komitee nie die geskil kan oplos tot die bevrediging van die persoon(e) wat dit verklaar nie, word die geskil na 'n bemiddelaar of arbiter verwys.

13.3. Indien die geskil na 'n bemiddelaar verwys word, moet die persoon(e) wat die geskil verklaar, en die Uitvoerende Komitee ooreenkom op 'n geskikte bemiddelaar en die koste van sodanige bemiddeling. 'n Bemiddelaar kan 'n geskikte oplossing van die geskil aanbeveel.

13.4. By gebrek aan ooreenkoms oor 'n bemiddelaar of indien bemiddeling nie die geskil sou oplos nie, word die geskil na arbitrasie verwys. Alternatiewelik, is elk van die partye geregtig om een arbiter aan te wys wat saam met 'n derde persoon optree om gesamentlik deur die onderskeie genomineerdes van die partye benoem te word; op die basis dat 'n meerderheidsbesluit van die aangestelde arbiters finaal en bindend is.

13.5. Die arbitrasie vind op 'n informele basis plaas, en die arbiter het die bevoegdheid om die prosedure te bepaal onderhewig aan die beginsels van natuurlike geregtigheid.

13.6. Die arbiter kan sy/haar toekenning nie net baseer op die toepaslike wet nie, maar ook op die beginsels van billikheid en redelikheid.

13.7. Die persoon(e) wat die geskil verklaar en die Uitvoerende Komitee kan vooraf saamstem om die koste van die arbitrasie te deel. By gebrek aan so 'n ooreenkoms, bepaal die arbiter watter partye vir die koste aanspreeklik is.

13.8. Die beslissing van die arbiter is finaal en bindend vir alle partye en kan op versoek van enige van hulle 'n hofbevel gemaak word.

**GETEKEN TE** Bloemfontein **OP HIERDIE DAG** 2 **VAN** Julie **2022**

**VOORSITTER VAN DIE JORDAAN-STIGTING**

"BYLAAG A"

LYS VAN EIENDOM (ROEREND OF ONROEREND) VAN DIE STIGTING

| ITEM NO. | BESKRYWING VAN EIENDOM | KWANTITEI/ HOEVEELHEID |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |
| 4. | | |
| 5. | | |
| 6. | | |
| 7. | | |
| 8. | | |